


# Leer lesse op hul eerste skooldag

**Dié drie gr. 1's aan die Laerskool Eureka in Kimberley het sommer op hul eerste skooldag reeds geleer "Waatlemoene is nie pampoene". Karli Nieuwoudt (links), Dihan de Villiers en Leah Janse van Rensburg kon boonop reeds hul eie naam en van spel, met Leah wat vertel dat haar van baie lank is om te spel en Karli s'n "baie moeilik".** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Kies jou skoene slim vir die pad

**Verlede week het gebeure op die onderwysfront duisende leerlinge oor die Noord-Kaap heen se lewe op 'n nuwe pad gestuur.**

Woensdag (18/01) het 2023 se gr. 1's die eerste maal hul blinknuwe skoolskoene en kraaknuwe skoolklere aangetrek.

Die treë in die nuwe skoene was nog effens onseker, maar ongeag benoude gesiggies was die atmosfeer van afwagting oorheersend.

Vir hulle lê 12 skooljare met 'n onbuigsame roetine voor. Tog, daar is sekuriteit in roetine en ruimte waar 'n ouer, voog, onderwyser of die stelsel (normaalweg) byderhand is.

Ook, Vrydag het 13 574 matrikulante van 2022 – wat reeds die 12-jaar-pad met al groterwordende skoolskoene gestap het – die uitslae van hul laaste skooleksamen ontvang.

Uit dié het 3 502 nie goeie nuus gekry nie. Van hulle sal 'n 13de jaar skoolskoene aantrek.

Die meerderheid, wat wel geslaag het, gaan nooit weer skoolskoene dra nie.

Van nou af is dit 'n eie keuse oor watter skoene om te dra en watter pad om daarmee te stap.

Plakkies om op voort te slof; skerppunt-skoene of hoë hakke om professioneel, of begeerlik, te lyk; plat skoene om sonder sukkel oor die weg te kom; of tekkies om vinnig die pad te stap (of te draf).

Dit is ook 'n eie keuse of jy jou ooit in iemand anders se skoene wil indink. Hieroor skryf ene Daniel H. Pink: "Empathy is about standing in someone else's shoes, feeling with his or her heart, seeing with his or her eyes. Empathy is hard to outsource and automate, but it makes the world a better place."

Vir elkeen wat tans skoolskoene dra, of al gedra het, kan hierdie wysheid van Dr. Seuss dalk van waarde wees:

"You have brains in your head. You have feet in your shoes. You can steer yourself in any direction you choose.

"You're on your own, and you know what you know.

"And you are the guy who'll decide where to go."

Juweeltjie

## matriek maak

Matriek voltooi en die eindeksamen slaag

■ "Jy moet nou maar eers Matriek maak ... As jy Matriek het, het jy meer verstand om te kies wat jy wil word." (Dr. O'Kulis: *Eselskakebeen*, 1931)

■ "Sy ouers was bitter teleurgesteld dat hy dit nie sover gebring het om matriek te maak nie."
(A.M. Louw: *Uur*, 1956) – **wat.co.za**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus.netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

Twyfelhoekie

# Hou aan hiermee, maar stop daarmee

HANNES NOËTH

**Soms moet 'n mens aanhou met 'n ding.**

En soms moet jy ophou met iets.

'n Mens moet veral ophou wanneer iemand dit duidelik maak dat hy of sy seerkry daardeur.

Hoekom aanhou met 'n ding wat jy weet 'n ander seermaak?

Dit is die vraag waarmee ek op 'n stadium uitgedaag word in 'n gesprek met iemand.

Om te sê: Ek sal aanhou. As jy weet jy kom iemand te na, of maak iemand seer, of is nie nou reg nie, dan is dit groot en volwasse om soms net 'n tree terug te staan en te sê: Dit is nie nou vir my belangrik genoeg nie.

Hoekom? Want ons is wakers van mekaar se gemoed.

As iemand duidelik te kenne gee dat hy of sy seerkry met bepaalde woorde, bepaalde gedrag, bepaalde optrede – hoekom dan besluit om nie daarmee te stop nie?

Ons kan so lief wees vir onsself, ons gedagtes en ons optrede dat ons heel selfsugtig dikwels nie omgee as ons iemand te na kom nie.

Hou aan met die positiewe. Dit wat bou en wat goed is, wat mooi is en sag is, dit wat vrede bring en liefde uitstraal.

Hou op met dit wat onnodig seermaak. Dit wat beproef, dit wat sny deur die siel van 'n ander en dit wat emosionele snellers na vore bring wat onnodige pyn veroorsaak.

As jy aanhou, hou aan om goed te doen.

As jy ophou, hou op met die slegte. Moenie aanhou met die negatiewe nie.

Bou, moenie breek nie.

Potpourri

# Soetkoek kan wurg

KARIN MULLER

**Ons het onlangs 'n dokumentêre program oor die uitvoerende direkteur van 'n baie groot motormaatskappy in Japan gekyk. Die direkteur was ook by 'n groot motormaatskappy in Frankryk betrokke.**

'n Werknemer van die maatskappy in Frankryk het aan die direkteur vertel dat daar drie senior werknemenrs in diens van die Japanse maatskappy is wat korporatiewe geheime aan die maatskappy in Frankryk uitlek.

Die drie is summier in die pad gesteek. Sonder ondersoeke. Sonder bewyse. Slegs op grond van gerugte wat doelbewus versprei is.

'n Mens wonder waarom mense so maklik liegstories van ander mense glo, en in baie gevalle sommer daarop reageer.

So moeilik soos dit is om te verstaan waarom mense liegstories goedsmoeds glo, so moeilik is dit om te verstaan waarom mense in die eerste plek liegstories versprei.

As iemand werklik die maatskappy, medekollegas of medepartye te na kom, is dit heeltemal iets anders.

Uiteindelik het die bogenoemde direkteur die drie afgedankte werknemers op nasionale televisie om verskoning gevra, maar die skade was reeds gedoen. Ek weet nie of hulle weer hul oorspronklike poste ingeneem het nie, maar ek sou nie. Hoe lank voordat daar weer die ergste van jou geglo word?

Dalk is dit omdat sommige mense self onseker en onvolwasse is dat hulle beter voel wanneer hulle iemand anders in die moeilikheid laat beland.

Maak seker voordat jy 'n storie soos soetkoek afsluk. Die skade kan nie altyd herstel word nie.

Kameeldoring

# Diere nie 'dierlik'

DR. ISAK BURGER

**'n Mens lees dikwels dat geskokte en woedende mense misdadigers en hul veragtelike optrede as "dierlik" beskryf.**

Ek reken dit is nie 'n korrekte en billike vergelyking nie. Diere in hul natuurlike habitat maak as 'n reël nie dood net om dood te maak nie. Oor die spektrum heen, van insekte tot roofdiere, maak diere as 'n reël net dood omdat hul prooi deel van die natuurlike voedselketting is, of omdat hulle, hul kleintjies of hul gebied bedreig word.

Verkragting is ook 'n vreemde konsep in die diereryk. Om enige willekeurige geweld en verkragting "dierlik" te noem, doen 'n onreg aan die diereryk.

Diere doen dit nie.

Maar diere is nie morele wesens nie. 'n Dier word deur sy instinkte en natuurlike drange gelei. 'n Dier maak nie keuses volgens morele wilsbesluite nie.

'n Mens het ook drange en instinkte, maar is egter nie bloot uitgelewer aan sy drange nie. Die mens, anders as diere, het die wilsvermoë om die regte keuses uit te oefen en is nie soos 'n dier as't ware 'n slagoffer van sy instinkte en drange nie.

"Sonde" word deur 'n keuse, 'n wilsbesluit, voorafgegaan. Daarom praat ons nie van 'n "sondige" dier nie.

Die mens word gelei deur 'n persoonlike waardestelsel en morele oortuigings. Daarby kom die vermoë om die gevolge van besluite en dade te bereken.

Enige middels, soos alkohol en dwelms, wat 'n mens se oordeelsvermoë raak, behoort negatief bejeën te word. Dit is immers 'n wilsbesluit om dit te neem en behoort kwalik deur 'n hof as "versagtende" omstandighede gereken te word.

■ Verkort, Netwerk24. Burger is 'n skrywer en oudkerkleier.

SENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883

**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

**PERSRAAD**
Ons onderskryf die Etiese Kode van die Suid-Afrikaanse Druk- en Aanlynmedia, wat ons verbind om joernalistiek te beoefen wat gegrond is op die waarheid, wat akkuraat, regverdig, gebalanseerd is, en onafhanklik ingesamel is.